

27 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 2:25-35

Fokusgedeelte: Lukas 2:30

Wat dra jy in die geloof saam na 2010?

Kersfees is al weer verby. Leë blikkies en papiere wat straat-af jaag, vertel die verhaal van feesvierings wat leeggeloop het. Wat het ek en jy van Kersfees oorgehou om saam met ons die toekoms in te vat?

Soos soveel keer tevore het die bejaarde Simeon daardie dag die tempelplein binne gestap. Jesus se ouers was so om en by die 40ste dag na sy geboorte ook daar met Hom. Hulle moes die gebruikelike bepalinge van die wet ten opsigte van die moeder en die oudste seun van 'n gesin nakom (vgl. Luk 2:22-24; Lev 12:2v; Eks 13:2) Vir die priester wat die Jesuskind vasgehou het, was Hy net soos alle ander seuntjies en hy het niks besonder aan Hom opgemerk nie.

Simeon het nog altyd hoopvol na die tempel gekom, want die Heilige Gees het dit aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterf voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. Met die Jesuskind in sy arms het sy geloofsoë oopgegaan en hy het besef Wie hy werklik in sy arms het. Ons lees drie keer: "Die Gees was op hom"; "die Gees het aan hom bekend gemaak"; "die Gees het hom gelei". Om dié rede het hy meer in die Jesuskind as alle ander omstanders gesien, geweet en gelowig vasgegryp. Met vervulling van God se belofte aan hom het Simeon besef die hemelse Vader kan hom nou uit hierdie ou wêreld vorentoe vat na 'n nuwe bestaan.

Kom ons kyk dan ook met geloofsoë na die pad vorentoe. Hier rondom Kersfees het ons Hom in ons gedagtes gedra. Met ons Kersliedere en lofpsalms het ons Hom hoog gedra. Kom ons loop die oujaar dankbaar tegemoet en wys vir die wêreld ons het meer as ander in Kersfees gesien.

Ons het weer met Woord en lied ons Here gesien. Ons dra heerlike beloftes van verlossing die toekoms in. Wat vat jy dan van Kersfees saam met jou op die laaste draai van 2009?

Sing: Skrifberyming 1-4:1 en 4

Dr JL Venter (Emeritus)